Gimmie Griffie

6 November 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 32***

GEAGTE OUERS

Hierdie is die laaste Griffie van 2018. Daar sal wel 'n algemene omsendbrief saam met die rapporte uitgedeel word.

Baie dankie vir 'n uitstekende jaar. Ons kan ons Hemelse Vader net loof en prys vir soveel seëninge en geleenthede. Baie geluk aan almal wat so mooi presteer het, hard gewerk het en sommer net ons skool ondersteun het.

Rapporte word op 5 Desember vanaf 07:15 tot 08:00 by die personeelkamer uitgedeel. Geen rapporte word gepos nie. Reël asseblief met iemand om dit te ontvang, anders sal ons dit hou totdat die skool in Januarie 2019 heropen. Elke leerder ontvang ook 'n jaarblad en 'n SASIMA.

Ons versoek alle ouers om asseblief voor 12 November alle uitstaande gelde te vereffen. Gelde was reeds einde Oktober betaalbaar. Ons het dringend elkeen se bydrae nodig om die begroting te laat klop. Reëlings oor uitstaande skool- en koshuisgelde moet vooraf met die Beheerliggaam of tydens die uitdeel van die rapporte getref word.

U moet asseblief help dat alle handboeke ingegee word. Indien 'n boek verlore of beskadig is, moet u asseblief 'n betaling van R250 maak en die bewys dan by die vakonderwyser inhandig.

Ons herinner ouers aan die algemene ouervergadering wat op 14 November om 18:00 in die skoolsaal plaasvind. Die begroting en poste sal hanteer word. Die begroting is ter insae by mev. Badenhorst beskikbaar.

Alle graad 9- en 10-leerders wat nog vakke wil verander vir 2019 moet die nodige vorms by me. Simoné Haupt kry – sluitingsdatum is 9 November 2018.

Baie belangrik vir graad 11-leerders. Graad 11's moet voor 7 Desember vakke vir graad 12 verander. Indien leerders druip of swak presteer, moet hierdie verandering **vanjaar** nog geskied. Kontak asseblief vir mnr. Marx as u kinders wil verander. Indien ons 'n verandering aanbeveel, sal ons dit so gou moontlik na die eksamen doen. Alle inligting is by mnr. Marx beskikbaar.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

SLAAGVEREISTES

Graad 8 en 9
Afrikaans: 50%
Engels, Wiskunde en nog 3 vakke: 40%
Nog 2 vakke: 30%

Graad 10 tot 12
Afrikaans en nog 2 vakke: 40%
Engels en nog 2 vakke: 30%
Alle vakke volledige portefeuljes

RUGBY

Daar sal gedurende die eksamen rugby-oefening wees. Die seniors kan mnr. Bertus Pool by 082 441 8038 en die juniors mnr. Sarel Naudé by 082 696 6934 kontak.

KRIEKET

Gimmies se eerstespan het die afgelope naweek teen Ikageng in die semifinaal van die *COCA-COLA School Pro-20* (Potchefstroom-streek) gespeel. Gimmies het met 9 paaltjies gewen, nadat hulle Ikageng vir 71 lopies uitgeboul het. Gerhard Turkstra neem 5 paaltjies vir slegs 15 lopies. Gerhard teken ook 42 onoorwonne lopies aan, terwyl Franco Boshoff ook onoorwonne op 17 lopies was.

ATLETIEK

Die jaarlikse NWU Top 30 atletiek-byeenkoms het op Saterdag 20 Oktober op die PUK Mc Arthur-stadion plaasgevind.

Die volgende atlete het meer as 1000-tabelpunte behaal: Phemelo Molale (S o/14 verspring 1022 punte en 100m 1074 punte), Abrie Kruger (S o/17 800m 1004 punte), Armand Willemse (S o/14 spiesgooi 1130 punte en gewigstoot 1043 punte), Nardus Swart (S o/16 110m hekkies 1001 punte), Lee-Ann Grobbelaar (D o/14 spiesgooi 1188 punte), Wiané Joubert (D o/15 spiesgooi 1200 punte), Karmen Fouché (D o/15 verspring 1054 punte) en Riandi Boshoff (D o/14 diskus 1100 punte).

Atletiekoefening vind gedurende die eksamen soos deur die afrigters gereël, plaas.

SWEM

Baie geluk aan Juandré Uys, Theo Ferreira en William Slaughter wat vir die NW-span vir SA-Skole gekies is wat vanaf 9 tot 14 Desember plaasvind.

2018 HERALD SPORTSTER-TOEKENNINGS

Krieket
Senior – Marco Jansen

Tennis
o/14 – Johané Yssel
o/14 – Anton Stadler
o/15 – Jacqueline van Rooyen
o/16 – Liezel Muller
o/16 – Marcus Roode
Senior – Roney Yssel

Swem
o/14 – Conrad Jordaan
o/15 – Jana van Rheede van Oudtshoorn
o/16 – Theo Ferreira
Senior – Lindie Meyer
Senior – Botha du Toit

Hokkie - dogters
o/15 – Sonika Grobler
o/16 – Marlize Jordaan
Senior – Jhenelle de Villiers

Hokkie - seuns
o/14 – Daniel Fourie
o/15 – Michael Fourie
o/16 – FC de Villiers
Senior – Adriaan Röntgen

Atletiek
o/14 – Phemelo Molale
o/15 – Karmen Fouché
o/16 – Miandi van Staden
o/16 – Nardus Swart
Senior – Jonette Labuschagne

Landloop
o/14 – Janina Ackerman
o/14 – Ashton Diedericks
o/15 – Danielle Verster
o/16 – Leonore Lubbe
Senior – Abrie Kruger

Bergfiets
o/14 – Christiaan Smit
o.16 – Joné van Eeden
Senior – Brendan van Eeden

Rugby
o/14 – Ronaldo de Lima
o/16 – Morné Stafford

Netbal
o/15 – Sunél Smit
o/16 – Martiné Jordaan
Senior – Lia Wissing

SA-Kleure
Hermé Nel (Skyfskiet)
Marco Taljaard (Tweekamp)
Anais Saayman (Skaak)

WOW-SPELFEES

Baie geluk aan Michelle Hammann wat 'n bronsmedalje by die nasionale Wow-spelfees verower het.

SKOOLDRAG

Ons stel 'n baie hoë premie op die netjiese voorkoms van ons leerders en daarom vra ons baie vriendelik dat almal streng by die reëls, soos in die Gedragskode vir leerders uiteengesit, sal hou.

Skoolklere is by *AK Sport and Leisure* (Dr. James Morokalaan 49) te koop. Gimmie-hemde, skoolbroeke, dasse, kouse, rokke, truie en *pull-overs* is tans beskikbaar.

Die sportdrag en Gimmie-hemp is by Glotron (Spruitstraat 60) beskikbaar.

Die skool het 'n klerebank waar goeie kwaliteit skoolklere gratis bekom kan word. Die klerebank is Maandag en Vrydag (gedurende eksamentyd) vanaf 13:10 tot 13:30 oop.

OMGEE-PROJEK

Baie dankie vir u ruimhartige skenkings wat kon help dat die Omgee-projek weer 'n baie groot sukses was. Meer as 250 geskenkpakkies is opgemaak en aan Huis Hebron, *Heritage* in Ikageng en ABBA-sorg in Promosa gegee wat dit as Kersgeskenkies aan hul kleuters gaan uitdeel.

ALLE GIMMIE-OUERS

- Die volgende Sasima verskyn aan die einde van November as insetsel in die Herald.
- Tienduisend eksemplare word gedruk.
- Spesiale pryse is beskikbaar vir diegene wat in ons koerant wil adverteer.
- Stuur 'n e-pos aan me. Mizelle Prinsloo by gdprinsloo@gmail.com.
- U ondersteuning word waardeer.